NOODHULP GR 4 (B)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die elementêre beginsels van noodhulp te leer.
2. Toe te rus met genoegsame kennis sodat hy in noodsituasies met vertroue kan optree.
3. Praktiese ervaring te laat opdoen.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die korrekte metode van bloedstelping kan toepas ingeval van ŉ snywond en neusbloeding.
2. ŉ Skraapwond higiënies skoonmaak en versorg.
3. Weet wat om te doen in geval van:
   - spierkrampe.
   - verstuite enkel.
4. Weet hoe om ŉ been- of armbreuk te herken en hoe om op te tree totdat die pasiënt mediese behandeling kan ontvang asook ŉ ringkussing kan maak vir oop frakture.
5. Weet wanneer iemand sy bewussyn verloor het en hoe om op te tree totdat verdere hulp opdaag.
6. Weet hoe om op te tree in die volgende gevalle: (Doen prakties)
   - iets in iemand se oog.
   - iets in iemand se oor.
   - wanneer die son ŉ maat kwaai gebrand het.
   - as iemand aan iets verstik.
7. Weet hoe om op te tree in geval van ligte brandwonde.
8. Weet wat is ŉ rekverband, driehoekverband, breë driehoekverband, smal driehoekverband en hoe om ŉ driehoekverband te bêre.
9. ŉ Wond op sy eie voorarm verbind.
10. Weet hoe om ŉ arm en been tydelik te immobiliseer.
11. Bewus wees dat kontak met bloed gevaar inhou.
12. Kennis maak met die inhoud van ŉ korrek saamgestelde noodhulpsakkie en weet hoe om dit te gebruik.
13. Die verskillende drametodes oefen.

C AANBIEDINGS

1. In alle gevalle moet die nuutste metodes duidelik en korrek bespreek en demonstreer word. Halwe kennis is gevaarliker as geen kennis.
2. Kinders **moet** voldoende geleentheid kry om persoonlik alle behandelings prakties te oefen.
3. Dit is nodig dat daar met gereelde tussenposes opskerping van alle behandelings gedoen word.